**Dinsdag 1 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:1-13**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:12, 13; HK, Vraag 1(i)**

## Sekerheid – deel van my enigste troos

As die apostel Johannes skryf, laat hy ons nie in die duister oor die doel van sy skrywe nie. Hy het sy Evangelie geskryf *"sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God ..."* (Joh. 20:31). Hy het sy eerste brief geskryf *"sodat julle ... wat in die Seun van God glo, kan weet dat julle die ewige lewe het."* Hoe kan ek dan weet?

Die grondvraag is: Deel ek in Jesus Christus? Ons vind dit in die vorige verse: *Die (ewige) lewe is in sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe.* As ek aan Jesus Christus behoort, het ek die ewige lewe, verseker Hy my deur sy Heilige Gees van die ewige lewe. As ek my sekerheid wil grond op iets binne-in myself of iets wat ek doen, is ek soos 'n skip waarvan die anker in die skip self gegooi word: ek bly in die golwe van onsekerheid ronddobber. Nee, 'n anker moet buite die skip gegooi word. So moet ek my saligheid *buite myself in Christus soek*.

Hierdie sekerheid is die werk van die Heilige Gees. Hy wat my oortuig dat Jesus die Christus is, is ook die Een wat my oortuig dat Christus se verdienste volkome is, dat ek aan Hom behoort. As ek deur die geloof die vraag kan antwoord: *Glo jy in Jesus Christus?*, dan antwoord God Self die vraag: Jy het die ewige lewe.

Dan kan ek van my Herder en sy redding sing: *So is die Heer, so het Hy ook aan my gedoen.*

*Sing: Psalm 23-1:1 (1936)*

*Ds. C (Cassie) Aucamp (Bergsig/Andeon)*